# UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

# TYGERBERGKAMPUS

KENNISGEWING AAN STUDENTE VAN DIE FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE WAT OP DIE TYGERBERGKAMPUS GEAKKOMMODEER WORD

REGISTRASIE VAN **NAGRAADSE** STUDENTE IN 2021 – SELFREGISTRASIE EN VERWANTE SAKE

## INHOUDSOPGAWE


1. Selfregistrasie deur middel van die internet .......... 02
2. Toegang tot selfregistrasie .......... 02
3. Nie-toegang tot selfregistrasie .......... 02
4. Gewone registrasie .......... 02
5. Registrasiebewys .......... 03
6. Beperkte verdere gebruik van studenteportaal .......... 03
7. Voortgesette registrasie .......... 03
8. Studente se verantwoordelikheid met betrekking tot registrasiegeld .......... 04
9. Sluiting van registrasie .......... 04
10. Geld betaalbaar by registrasie .......... 04
11. Kontrolering van registrasiebewys .......... 04
12. Lááttregistrasieheffing .......... 05
13. Koste verbonde aan gebruik van netwerkfasiliteite .......... 05
14. Registrasie van voertuie .......... 05
15. Verpligte eerste paaiement van studie- en inwoningsgelde .......... 05
16. Betalingsterme van studenterekeninge .......... 06
17. Aktivering van studentekaarte .......... 07

## 1. SELFREGISTRASIE DEUR MIDDEL VAN DIE INTERNET

Dit is vir ons aangenaam om u mee te deel dat studente **deur middel van die internet as studente self kan registreer**. Dit kom kortliks daarop neer dat studente vanaf enige plek in die land (óf die wêreld) sal kan aanteken op die nuwe studenteportaal by http://www.my.sun.ac.za en, naas toegang tot allerlei relevante inligting, ook self sal kan registreer vir die akademiese jaar.

Die **stelsel sal vanaf 04 Januarie 2021 tot 05 Februarie 2021** vir studente toeganklik wees. **Studente word sterk aangeraai om vroegtydig te registreer, sodat hulle toegang tot e-assesserings kan hê.**

Navrae kan gerig word aan mnr JE Coetzer by telefoonnommer 021 – 938 9204/per e-pos: jco@sun.ac.za of me VB Joseph by telefoonnommer 021 – 938 9235/per e-pos: vbj@sun.ac.za

## 2. TOEGANG TOT SELFREGISTRASIE

Alle studente wat hulle nagraadse program mag voortsit, het toegang tot selfregistrasie.

## 3. NIE-TOEGANG TOT SELFREGISTRASIE

Die volgende studente het **nie toegang** tot selfregistrasie **nie**:

3.1 van wie daar een of meer toelatingsbewyse (soos byvoorbeeld Matrikulasie-sertifikaat, uitslagadvies óf naskoolse toelatingsbewyse) uitstaande is,

3.2 wat se hertoelating nie in orde is nie,

3.3 wat gelde van die vorige jaar verskuldig is (geldskuldenaars),

3.4 wat aanvaar is vir nagraadse programme (nagraadse nuwelinge) en

3.5 wat vir spesiale programme registreer.

**Om te kan registreer, mag studente dus geen toelatingsbewyse uitstaande hê nie en ook nie enige gelde van die vorige jaar skuld nie.**

## 4. GEWONE REGISTRASIE – alleenlik vir studente wat nie toegang tot selfregistrasie via die internet het nie (Kyk punt 3)

Studente wat nie toegang tot selfregistrasie in GERGA óf via die internet het nie, kan op enige dag gedurende die registrasietydperk by me VB Joseph of mnr JE Coetzer, Sentrum vir Studente-administrasie, aanmeld.

Die tydperk vir gewone registrasie strek vanaf 04 Januarie 2021 tot 05 Februarie 2021.

## 5. REGISTRASIEBEWYS

Indien die registrasiebewys wat u by u tuisrekenaar uitgedruk het nie in ’n aanvaarbare formaat is nie, kan dit by die volgende dienspunte bekom word:

- by GERGA via die studente portaal my.sun.ac.za of
- by me VB Joseph.

## 6. BEPERKTE VERDERE GEBRUIK VAN STUDENTE-PORTAAL

Nadat ’n student met Selfregistrasie geregistreer het, kan hy/sy weer toegang tot die stelsel verkry, maar slegs vir ondergenoemde doeleindes:

6.1 om persoonlike en adres/kontak besonderhede te wysig,

6.2 om sy/haar registrasiebewys weer te druk,

6.2 om eksamenuitslae te sien en/of uit te druk en

6.3 om volledige akademiese rekord te sien.

*(Alle kursus- of registrasiewysigings moet egter met die kantore soos in par 4 vermeld, gereël word.)*

## 7. VOORTGESETTE REGISTRASIE

7.1 Diploma-, Honneurs-, Magister- en Doktorstudente wat voortgesette registrasie moet doen na basiese residensietydperk, moet elke jaar vir die volle tydperk van hulle studie, totdat die betrokke diploma/graad toegeken word, as student registreer. Registrasie kan persoonlik of per pos geskied. Diegene wat per pos registreer, word versoek om die betrokke vorm(s), wat aan alle Magister- en Doktorstudente gestuur word, in te vul en verkieslik vóór 31 Januarie **met** die voorgeskrewe fooie terug te stuur. Studente wat persoonlik kom registreer, moet hulle by die registrasieprogram hou soos in par. 3 en par. 5 uiteengesit.

7.2 **Aansoeke om toestemming tot onderbreking van studie moet vóór of op 30 April van die spesifieke jaar aan die betrokke fakulteitsadministrateur voorgelê word**. Toestemming tot die onderbreking van ’n magistergraadstudie word normaalweg slegs een keer en vir ’n periode van een jaar in die loop van die studie verleen. Toestemming tot die onderbreking van ‘n doktorsgraadstudie word normaalweg hoogstens twee keer vir periodes van een jaar elk of een keer vir ’n periode van twee jaar in die loop van die studie verleen.

**7.3** **Let wel**: ’n Nagraadse student wat nagelaat het om vir ’n spesifieke jaar(e) te registreer, moet, indien toestemming wel verleen sou word om weer te registreer, by registrasie die **volle** klas/voortsettings- en registrasiegelde vir die jaar(e) waarvoor nie geregistreer was nie, betaal, **maar word nie terugwerkend geregistreer nie.**

7.4 Ten einde nagraadse studente (insluitende personeellede) aan te moedig om so spoedig doenlik hulle grade te verwerf, is studente soos hieronder aangedui, jaarliks aanspreeklik vir ‘n aanmoedigingsheffing van 25% van die normale onderriggeld. Hierdie heffing is betaalbaar bo en behalwe die normale voortsettingsgeld.

| **Program** | **Na verloop van** |
|---|---|
| | |
| Magisterprogramme met ’n minimum residensietyperk van 1 jaar | 3 jaar |
| Magisterprogramme met ’n minimum residensietyperk van 2 jaar | 4 jaar |
| Doktorsprogramme | 5 jaar |

7.5 Vir studente wat amptelik toegelaat is om ’n program oor langer as die normale tyd te versprei, neem die grasietydperk ’n aanvang na afloop van die verlengde studietydperk.

## 8. STUDENTE VERANTWOORDELIK VIR VOLLE REGISTRASIEGELD

Alle studente wat in ’n gegewe jaar vir volle registrasiegeld verantwoordelik is, en wat modules van óf slegs die eerste semester óf slegs die tweede semester moet of wil volg, moet aan die begin van die jaar en op dieselfde datums as die ander studente registreer.

## 9. SLUITING VAN REGISTRASIE

Uitgesonderd nuwe M- en D-studente sal geen student toegelaat word om ná **11 Maart 2021** te registreer nie.

## 10. GELD BETAALBAAR BY REGISTRASIE

Besonderhede oor die gelde wat by registrasie betaalbaar is, asook die bankbesonderhede vir direkte inbetaling, verskyn agter in hierdie inligtingstuk.

**Let wel**: **Dit beteken nie dat, indien u die gelde betaal het, u as ’n student geregistreer is nie. U moet steeds as ’n student registreer en ’n registrasiebewys daarvoor ontvang en dit kan toon.**

## 11. KONTROLERING VAN REGISTRASIEBEWYS

Die onus rus op elke student om die registrasiebewys te kontroleer om sodoende seker te maak dat:

11.1 die program korrek is;

**11.2 al die modules wat in die betrokke jaar gevolg gaan word daarop verskyn, omdat nagraadse studente (uitgesonderd MMed) per module betaal en nie meer volgens program nie.**

11.3 die modules per vak volledig is, en dat dit die korrekte module(s) is, d.w.s. nie bv. 222 as dit 212 moet wees nie, ens.
Indien daar foute op verskyn, moet dit vóór of op 11 Maart 2021 by die betrokke fakulteitsbeampte reggestel word. (Sien par. 3)

Ingeskrewe studente wat modules volg waarvoor hulle nie voor of op 11 Maart 2021 geregistreer het nie, sal behalwe as hulle in uitsonderlike gevalle wel die nodige toestemming kry om daarvoor te mag registreer, geen erkenning vir sodanig modules verkry alvorens hulle 'n heffing van R100.00 betaal het nie.

## 12. LááTREGISTRASIEHEFFING

'n Student wat toegelaat word om laat te registreer, moet die onderstaande laatregistrasieheffing betaal:

12.1 **Alle nagraadse studente (uitgesonderd nuwe M- en D-studente**)

Na 11 Maart 2021: R500,00

**12.2 Nuwe M- en D-studente**

Ná 26 Maart 2021: R500.00.

## 13. KOSTE VERBONDE AAN GEBRUIK VAN NETWERKFASILITEITE

Alle voorgraadse en Hons-studente word outomaties as netwerkgebruikers geregistreer. Magister en doktorale studente daartenteen moet dan ook spesifiek as netwerkgebruikers registreer.

## 14. REGISTRASIE VAN VOERTUIE

Studente wat van selfregistrasie gebruikmaak, registreer hulle voertuie tydens die registrasieproses.

## 15. VERPLIGTE EERSTE PAAIEMENT VAN STUDIE- EN INWONINGSGELDE VIR 2021

Die volgende bedrae is betaalbaar vóór bogenoemde registrasiedatums:

| **VERPLIGTE EERSTE PAAIEMENT VAN STUDIEGELD** | |
|---|---|
| Voorgraads | **R14 440** |
| Nagraads | **R10 530** |
| Diploma/Sertifikaat | **R10 530** |
| **VERPLIGTE EERSTE PAAIEMENT VAN INWONINGSGELD** | **R14 600** |
| **VERPLIGTE EERSTE PAAIEMENT VIR STUDENT IN KOSHUIS (Totale bedrag)** | |
| Voorgraadse student in koshuis (R14 440 + R14 600) | **R29 040** |
| Nagraadse student in koshuis (R10 530 + R14 600) | **R25 130** |

**AANLYN BETALINGS (EFT OF KREDIETKAART)**

Aanlyn betalings is moontlik op die afdeling Studentegelde se webblad by:
1. www.maties.com
2. Klik op "Gelde".
3. Kies "Aanlyn betaling van studentegelde".
4. Volg die instruksies en betaal by wyse van 'n kredietkaart of "EFT" (elektroniese gelde-oordrag).

**Voordeel van aanlyn betalings**: **Die kwitansie word onmiddellik verwerk, gevolglik is daar geen vertraging gedurende die registrasietydperk met die betaling van die verpligte eerste paaiement(e) nie, en ook nie later met die bekendmaking van eksamenuitslae nie**.*

Neem asb kennis dat alle agterstallige bedrae vereffen moet wees voordat 'n student vir 2021 mag registreer.

*16.* **BETALINGSTERME VAN STUDENTEGELDEREKENINGE**

Studenteregeldekeninge kan binne die volgende twee betalingsterme vereffen word:

*Opsie 1: Betaling in drie paaiemente*

| | |
|---|---|
| MET REGISTRASIE | Eerste verpligte betaling vir studie- en inwoningsgeld |
| **31 MEI** | Minstens 75% van die restant van u totale rekening nadat die gelde wat u reeds teen die registrasiedatum betaal het, afgetrek is. |
| 30 SEPTEMBER | Die uitstaande balans op u studentegelderekening. |

*Opsie 2: Debietorder wat bestaan uit die volgende paaiemente:*

| | |
|---|---|
| MET REGISTRASIE | Eerste verpligte betaling vir studie- en inwoningsgeld |
| **1 APRIL TOT EN MET 1 NOVEMBER** | 'n Verdere agt paaiemente is op die eerste dag van die maand per debietorder betaalbaar. |

Aansoek vir debietorder-opsie sluit 8 Maart en die nodige vorms is verkrygbaar op die Web by https://www.sun.ac.za/afrikaans, beskikbaar onder "Studente", "Voornemende studente", "Gelde", "Betalingsopsies" of by seand@sun.ac.za. Aansoeke ná 8 Maart sal oorweeg word onderhewig aan 'n voorafbetaling van die minimum debietorderbetalings wat betaalbaar sou wees sedert 1 April.

Indien die volle studentegelderekening van Suid-Afrikaanse studente voor 31 Maart vereffen word, kan daar aansoek gedoen word vir 'n 3% korting op die onderriggeld komponent (onderhewig aan voorwaardes soos uiteengesit in die *Jaarboek, Deel 3*). Voltooide aansoekvorms kan by Afdeling Studentegelde ingedien word. Die nodige vorms is verkrygbaar op die Web by https://www.sun.ac.za/afrikaans, beskikbaar onder

"Studente", "Voornemende student", "Gelde", "Betalingsopsies" of by studentegelde@sun.ac.za.

**Internasionale studente, insluitend nie-residensiële Internasionale studente, en Namibiërs, moet hul volle onderriggelde op die dag van registrasie vereffen.**

**Besonderhede is by die Internasionale kantore beskikbaar.**

## 17. AKTIVERING VAN STUDENTEKAART VIR 2021

Studentekaarte kan slegs vir 2021 uitgereik/geaktiveer word indien die volle 2020-studentegelderekening vereffen is en die eerste verpligte paaiement van studie- en inwoningsgeld op die rekening reflekteer.

Blokke sal slegs gelig word vir die aktivering van 'n studentekaart indien die volle 2020-rekening vereffen is en die student bewys van die volgende kan lewer:

a. 'n Eksterne beurs (nie US) wat op die briefhoof van die befondser aandui dat die befondser die eerste verpligte betaling vir studie- en inwoningsgelde sal betaal. US-beursstudente hoef nie 'n bewys te lewer nie - hul kan direk ná registrasie hul kaarte aktiveer.
b. 'n Amptelike bewys van 'n polis wat nog in die akademiese jaar uitbetaal gaan word en wat voldoende is om die eerste verpligte betaling te dek.
c. 'n Lening (soos Banklening, Fundi of Helpmekaar-studiefonds) waarvan die leningsbedrag voldoende is om die eerste verpligte betaling te dek, asook 'n aanduiding van die datum wanneer dit inbetaal sal word.
d. Indien 'n student se beurs, polis of lening nie die volle eerste verpligte betaling kan dek nie en die student kan bewys lewer dat hul aansoek vir 'n studentelening onsuksesvol was, kan die volgende uitstelreëling getref word, onderhewig aan die aanvaarding van die bepalings van die onderneming:
    i. Die eerste verpligte betaling (studie- en inwoningsgelde) kan in gelyke paaiemente afbetaal word tot en met 31 Maart.
    ii. Die eerste paaiement van die uitstelreëling is egter onmiddellik betaalbaar. Die blok sal eers gelig word sodra die eerste paaiement in die rekening reflekteer en die volledig voltooide vorm verwerk is deur Studentegelde.
    iii. Indien uitstelreëlings in Januarie getref word, beloop die paaiemente as volg:
        1. Voorgraadse student R4 813 x 3 (Januarie tot Maart)
        2. Nagraadse student R3 510 x 3 (Januarie tot Maart)
        3. Voorgraadse koshuis-student R9 680 x 3 (Januarie tot Maart)
        4. Nagraadse koshuis-student R8 377 x 3 (Januarie tot Maart)
    iv. Indien uitstelreëlings in Februarie getref word beloop die paaiemente as volg:
        1. Voorgraadse student R7 220 x 2 (Februarie en Maart)
        2. Nagraadse student R5 265 x 2 (Februarie en Maart)
        3. Voorgraadse koshuis-student R14 520 x 2 (Februarie en Maart)
        4. Nagraadse koshuis-student R12 565 x 2 (Februarie en Maart)

*Die uitstelreëlingsvorm is eers Januarie 2021 beskikbaar op versoek by Afdeling Studentegelde. Die voltooide vorm is onderhewig aan goedkeuring deur die Afdeling.*

**Die kassiertoonbank en die studentekaarttoonbank sal vir die duur van die registrasieperiode tydens etenstye oop wees om studente tot diens te wees.**